Tema: Wie luister na die Woord en daarvolgens leef, ontvang die heerlike beloftes daarvan. Wie dit nie doen nie, word ontnugter.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 292:1,2
Lied 253: 1,2
Lied 258: 1,2,3

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 25 - 1: 7
Votum – Open 22: 12 EN 13
Seën
Loflied Ps. 40 - 2: 1,2,7,8 (Mel Ps. 100)
Geloofsbelydenis: NGB art 7.

Verootmoedigingsdiens
Die Wet uit Eksodus 20
Sing Ps. 119 - 2: 1,19
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Lukas 16: 14 - 31; Fokusgedeelte 19 - 31
Teksverse: 31
Sing Sb 14 - 3: 1,3
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed van leiers vir gemeente
Sing Sb 15 - 7: 1,2,4
Seën
Amenlied Sb 13 - 3.

Geliefde br. en sr en kind

Wie wil jy graag wees in die storie wat Jesus hier vir die Fariseërs vertel? Wil jy die ryk man wees of wil jy Lasarus wees? As ons vanmore hier ’n rollespel kon speel om die verhaal uit te beeld – wie sou jy wou wees?

Dis nogal ’n moeilike vraag nê? As ons eerlik wil antwoord dan sal ons waarskynlik sê: vir die eerste deel van die verhaal wil ek die ryk man wees, maar vir die tweede deel van die verhaal wil ek Lasarus wees! Niemand van ons wil tog in hierdie lewe so swaar kry soos Lasarus nie maar aan die ander kant wil niemand van ons soos die ryk man hel toe gaan nie!

Maar geliefdes, wanneer ons dieper na die vraag en ons eerlike antwoord daarop kyk , dan sien jy dat dit eintlik nie die vraag is om te vra nie! Die vraag openbaar wat Jesus ons in die eerste plek met sy verhaal wil leer. Die vraag openbaar eintlik die manier waarop ons baie keer met God en met sy Woord omgaan! Dit openbaar dikwels die rede waarom ons in God glo en hoe ons na God se stem in die Bybel luister. Ons het dit verlede Sondag ook gehoor: oppas hoe jy luister! Dit openbaar ons eie selfsug – dat ons in God glo en die Bybel so lees sodat ons altyd net die voordeel daaruit kan trek! Ek wil nie hier op aarde swaar kry nie en ek wil hemel toe gaan!

Ons Here Jesus vertel die verhaal vir die Fariseërs van wie ons in vers 14 lees dat hulle baie lief vir geld was. Hulle het geld en voorspoed gesien as seën van God en wou dit najaag, sonder om ook te leef soos God van hulle verwag. Daarom het die Here Jesus ook in die voorafgaande gelykenis vir hulle wou leer dat hulle nie God en Mammon kan dien nie. En dan lees jy in vers 14 dat hulle Jesus beledigend uitgelag het. Met hierdie gelykenis rig Jesus nou ’n baie ernstige waarskuwing! Julle kan God nie dien net om die voordeel daarvan te geniet nie!

En daarom nou die vraag wat ons moet beantwoord: Is die doel van my en jou geloof en waarom ons God dien en na sy Woord kom luister net sodat ons die seën van God kon ontvang? Luister ons dan net so dat ons dit wat tot ons voordeel kan strek hoor en ons hoop daarop stel? Is dit hoekom die lewe van die ryk man vir ons baie aantrekliker lyk as die lewe van Lasarus?

Jesus leer ons in vers 16 hoe ons moet luister: jy moet luister om die koninkryk van God te hoor en daarin te glo! Die koninkryk van God is dat Jesus die Koning is en dat jy alleen gered kan word wanneer jy in Hom glo! Jy moet so luister dat jy Christus as Koning raaksien en voor Hom buig. Jy moet so luister na die Woord dat jy sy stem kan hoor en jou lewe in sy hand kan gee! So wil God dat ons na sy Woord luister!

En wie in Jesus glo, lewe dan onder sy heerskappy en volgens die beginsels van die koninkryk. Het Jesus nie al vroeër geleer: soek eers die Koninkryk van God en God sal vir jou sorg nie?

Daarom brs en srs, moet ons in die tweede plek vra: as ons dan luister om die stem van ons Koning te hoor, doen ons wat Hy ons beveel?

Jy sien, al twee die manne in Jesus se verhaal het na God se Woord geluister, maar *net een* het waarlik gedoen wat God hom beveel. Die ryk man het baie seëninge van God ontvang, maar hy het teen die beginsels van die Koninkryk daarmee omgegaan. Hy het sy seëninge net vir homself gebruik om sy eie begeertes te bevredig en ŉ luukse en lekker lewe te lei.

Die ryk man se ondergang was nie sy geld nie, maar dat hy sy geld verkeerd gebruik het. Hy het gekies om die behoefte voor sy deur mis te kyk en niks daaraan te doen nie. Hy het gekies om Lasarus mis te kyk en hom in sy ellende nie te help nie! Terwyl die Here Jesus ons leer dat ons na die armes en siekes en ellendiges moet omsien! Daarom vra die Here Jesus ons vanmore: deel jy julle die genade en seëninge van die Koninkryk uit! Of verkies ons ook om die mense mis te kyk wat dit so nodig het? Hierop moet ek en jy self antwoord.....

Daarteenoor het Lasarus in sy ellende op die Here alleen vertrou! Dit leer die Here ons deur die naam wat hy aan die arm man gee: Lasarus – dit beteken “God help”. Daarmee wou Jesus die geloof van die arm man aanwys! Die ryk man wou nie help nie, maar God help sy kind – ook in sy diepste ellende, sorge en armoede! Die armoede en ellende was nie sy ondergang nie, want God het hom gehelp!

Sien jy, die gevaar lê nie in rykdom of armoede nie, maar hoe ek en jy, wat God se Woord hoor, doen wat God van ons vra – of ons ryk of arm is! En dit is die skerp punt van hierdie verhaal: hulle wat doen wat God se Woord sê ontvang die heerlike beloftes daarvan – nou en in die lewe hierna!

Geliefdes, laat ons dan seker maak dat ons reg luister na God se Woord, dat ons nie met “selfsugore” nie maar met “Koninkrykore” luister om die stem van ons Koning te hoor en in Hom te glo. Maar laat ons ook dan doen wat Hy van ons vra!

Want daar kan ontnugtering op ons wag! Dit is die derde belangrike boodskap uit die gelykenis. Dit is die ontnugtering wat Jesus teken in die lewe van die ryk man. Kyk hoe word die rolle omgeruil. Op aarde was die ryk man binne en Lasarus buite. In die hemel is Lasarus binne en die ryk man buite! Op aarde het die ryk man in weelde geleef, in die hemel ervaar Lasarus die heerlike, weelderige seëninge van die ewige lewe by God!

Hiermee wil die Here ons waarsku: daar is nie tweede kanse nie! Ons het net hierdie lewe om te doen wat ons Koning ons beveel – om te lewe volgens die beginsels van die Koninkryk. Die koninkryk eerste en dan my lewe! Christus eerste en dan my lewe op aarde. En as ek dit andersom wil doen – sal Christus die rolle omruil.

Daar is nie tweede kanse nie! Die ryk man leer eers in die hel om te bid! Eers vir sy eie nood en dan vir die nood van sy familie, maar dit is te laat! Nou is die tyd dat ons luister na die Woord van die Here en waarlik daarvolgens lewe!

En Jesus beklemtoon: net die Woord! Dis al wat ons nodig het Dis die vierde saak wat Jesus ons in die gelykenis wil leer. Ons het nie nodig dat een of ander wonderwerk moet gebeur van iemand wat uit die dood moet opstaan om ons te laat luister nie! Ons moenie wag vir een of ander groot ingryping in my lewe voor ek my bekeer en doen wat my Koning my beveel nie!

Daar is so baie mense wat vandag in hulle geloof hulle hoop vestig op wonderwerke wat moet gebeur! Siekes moet gesond word! Dooies moet opgewek word! En waar dit oënskynlik gebeur – daarheen stroom die mense!

Mense moet in allerhande wonderlike en vreemde tale praat en vreemde gebede bid wat die aandag trek! Almal moet voorspoed en rykdom beleef – dit is die teken van God se seën – en almal stroom daarheen. Groot predikers wat skares van duisende trek – dit is die teken van God se seën! Daar gebeur die dinge!
Geliefdes, dit is ʼn evangeliseringsplan uit die hel! Dit is waarvoor die ryk man smeek! Stuur ʼn wonderwerk na my familie sodat hulle gered kan word! Dit is ‘n misleiding van die Satan!

Daarteenoor sê Jesus twee keer: Al wat ons nodig het is die Woord! Die Woord van God! Die Bybel as die swaard van die Gees wat ons vertel van ʼn wonderwerk wat reeds plaasgevind het! Van ʼn Man wat aan die kruis gehang het om vir ons sondes te betaal. Van ʼn Man wat gesterf het onder die toorn van God! Maar ook van ʼn Man wat op opgestaan het uit die dood en so Koning van die wêreld geword het! Ja, Christus is die wonderwerk van God – glo in Hom en leef vir sy koninkryk!
Die Heilige Gees werk geloof deur die Woord! Luister na sy stem en doen wat Hy jou vra – al is dit dan dat jy soos Lasarus lewe!

Selfs na Jesus se opstanding wou die Fariseërs nie in Hom glo nie! Moenie dat ek en jy dieselfde fout maak nie!
Daarom dan vanmore hierdie boodskap: Wie luister na die Woord en daarvolgens lewe, ontvang die heerlike beloftes daarvan. Wie dit nie doen nie, word ontnugter!

Amen